

Maak voorspellings/hipotese:

1. Kyk na al die vastestowwe. Watter stowwe dink jy is oplosbaar water? Skryf 'n voorspelling/hipotese vir die ondersoek neer.

**As stowwe in water oplos en "verdwyn" is dit 'n oplosbare stof, indien hy nie oplos nie is dit onoplosbare stof.**

**Oplosbaar: suiker, sout. Onoplosbaar: meel, sand, fyn meliameel.**

2. Beplan en voer jou ondersoek uit:
  - a) Gebruik jou maatsilinder en meet 250 ml water vir elke beker af.
  - b) Gooi een teelepel vastestof in elke beker met water.
  - c) Roer die water en kyk wat gebeur.
  - d) Hoekom is dit belangrik om elke keer dieselfde hoeveelheid water en vastestof te gebruik?

**Indien sekere bekere te veel/te min water sal bevat sal die uitslae nie akkuraat wees nie.**

3. Teken jou resultate aan:

**Oplosbaar: suiker, sout. Onoplosbaar: meel, sand, fyn meliameel.**

- a) Teken elke mengsel.
- b) Gee byskrifte vir al die vastestowwe wat op die bodem afsak.
- c) Teken 20 partikels water en 5 partikels vastestof wat daarin oplos.
- d) Stel 'n tabel op om aan te dui watter stowwe oplosbaar en watter onoplosbaar is.

| Stof          | Oplosbaar/onoplosbaar |
|---------------|-----------------------|
| suiker        | oplosbaar             |
| sout          | oplosbaar             |
| meel          | onoplosbaar           |
| sand          | onoplosbaar           |
| fyn meliameel | onoplosbaar           |

4. Maak jou gevolgtrekkings:

**As die stof onsigbaar raak is dit oplosbare stof. As die stof nie oplos nie is dit 'n onoplosbare stof.**

- a) Vergelyk die oplosbare stowwe met die onoplosbare stowwe.

**Oplosbare stof: Raak onsigbaar vir die blote oog.**

**Onoplosbare stof: Sal nie oplos in die oplosmiddel nie en sal gewoonlik na die bodem sak.**

5. Evalueer jou ondersoek:
  - a. Was jou hipotese reg of verkeerd?  
**Hang af van uitslag**
  - b. Is daar iets wat jy kan doen om beter resultate te kry?  
**Hang af van uitslag**

Gee 'n rede vir jou antwoord.